

Is die resessie in Suid-Afrika verby?

Plaaslike ekonomiese nuus: Nov 2009

deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life

Terwyl dit lyk of die wêreldwye ekonomie aan die herstel is, ervaar Suid-Afrikaanse verbruikers steeds 'n resessie.

Suid-Afrika se herstel agter die res van die wêreld s'n

Ons almal sien opskrifte in koerante en finansiële publikasies wat aankondig dat die resessie byna op 'n einde is.

Vir sommige groot wêreld-ekonomieë soos Frankryk, Duitsland, Indië en China het dit reeds gematerialiseer. Hoewel Suid-Afrika se ekonomiese herstel stadiger as dié van die wêreldwye ekonomie blyk te wees, (net soos die afswaai plaaslik eers later gekom het), lyk dinge tog ook beter vir ons ekonomie. Produksie in die vervaardigings- en die mynbedryf het in die afgelope paar maande verbeter en dit is dus nie onredelik om teen die einde van die jaar 'n positiewe groei te verwag nie.

Suid-Afrikaanse verbruikers is steeds versigtig

As jy verbruikers daarbuite sou vra of hulle meen hul eie ekonomiese swaarkry is op 'n einde, sou die antwoord ongetwyfeld 'nee' wees. Die verbruikersvertroue-indeks van die Buro vir Ekonomiese Navorsing neig steeds onder die langtermyn-gemiddeld, wat daarop dui dat verbruikers versigtig is oor hul finansiële posisies en steeds die aankoop van groot items vermy.

Interessant genoeg is die vertroue beter in die hoër inkomstegroep, hoofsaaklik weens die herstel van finansiële markte. Vir die gemiddelde verbruiker word vertroue egter steeds geïnhibeer deur beperkte toegang tot krediet, vrese oor werksekerheid en hoë skuld wat lank sal neem om terug te betaal.

Werkverliese sal voortduur

Ons kan verwag dat werkverliese sal voortduur selfs wanneer groei 'n positiewe neiging begin toon. Die derde kwartaal se syfers wys dat daar 'n verdere 484 000 werkverliese was, wat vanjaar se totaal sover op 959 000 te staan bring.

Groei op grond van verbruikersbesteding sal stadig wees

Die herstel in die verbruikersvraag na goedere is belangrik, omdat huishoudelike besteding omtrent 60% van die land se bruto binnelandse produk (BBP) uitmaak. Na verwagting sal besteding in 2009 afneem, wat die eerste sodanige afname sedert 1992 sal wees. Dit beteken dat groei wat op verbruikersbesteding gegrond is, steeds stadig sal wees.

Tot nou toe was die grootste groei wat ons waargeneem het, veral in die wêreldmark, danksy stimulus-pakkette en inventaris-aanvullings. Vir groei om volhoubaar te wees, moet mense begin bestee. Ons sien egter dat verbruikers nou meer geneig is om te spaar as wat hulle voor die finansiële krisis was. Volkome verbruikers-herstel sal egter stadiger as dié van die ekonomie wees, omdat werkskepping en die beëindiging van afdankings fundamenteel is vir die huishoudelike sektor se inkomste.

Verbruikers-vooruitsigte: elektrisiteitspryse en rentekoerse

Vandeesmaand was daar twee faktore in die ekonomie wat 'n regstreekse uitwerking op ons finansiële vooruitsigte het.

- **Eskom** het vir 'n moontlike tariefverhoging van 45% oor die volgende drie jaar gevra. Hoër tariewe sal Eskom help om voort te gaan met die finansiering van hul infrastruktuurprogram om die kapasiteit van elektrisiteitsvoorsiening te vergroot. Hoewel dit 'n feit is dat elektrisiteitsvoorsiening betroubaar moet wees vir buitelandse beleggings en 'n volhoubare ekonomiese groei wat werkskepping verseker, is dit egter ook so dat die hoër koste van elektrisiteit oor die kort termyn 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie sal hê, omdat dit insetkoste vir besighede sal verhoog. Dit sal die druk op verbruikers se finansies verder vergroot, terwyl die meerderheid van hulle steeds redelik op hol is oor die resessie.
- Die **Reserwebank** se monetêre beleidskomitee (MBK) het by hul Oktobervergadering besluit om rentekoerse onveranderd te laat. Hoewel 'n verlaging welkome verligting aan verbruikers sou bied, het die MBK die monetêre beleid reeds aansienlik verslap om die ekonomie te ondersteun, onder meer deur rentekoerse in totaal met 500 basispunte te verlaag. Die volle uitwerking van die vorige verlagings sal binne die volgende sowat 12 maande voelbaar wees in die ekonomie, volgens die skattings van die monetêre beleid se transmissie-meganisme.

Om die Reserwebank in staat te stel om by sy mikpunt van 'n inflasiekoers laer as 6% te bly, moet die MBK nou optree om verwagtinge en prysbepalings te beïnvloed. Inflasie word reeds deur aansienlike risiko's in die gesig gestaar in die vorm van loonooreenkoms-mikpunte bo inflasie en die verwagte verhoging in elektrisiteitstariewe. Dit was dus reg dat die MBK rentekoerse onveranderd gelaat het. Hulle kan 'n tyd lank neutraal bly, voordat die skroef aangedraai word teen inflasiedruk. Stabiele, voorspelbare pryse is oor die lang termyn goed vir verbruikers.